Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 526 Cape Town, Kaapstad, 1 April 2009 No. 32086

## THE PRESIDENCY

No. 391 1 April 2009

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 2 of 2009: Bible Society of South Africa Act Repeal Act, 2009.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 391 1 April 2009

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 2 van 2009: Wet op die Herroeping van die Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2009.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 30 March 2009.)*

# ACT

**To provide for the repeal of the Bible Society of South Africa Bill, 1970 and the Bible Society of South Africa Act, 1985; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

## Repeal of Laws

**1.** The Bible of South Africa Act, 1970 (Act No.15 of 1970) and the Bible Society of South Africa Amendment Act, 1985 (Act of 1985), are hereby repealed.

## Savings

**2.** (1) The Bible Society of South Africa (Association incorporated under section 21) Registration number 2008/00505/08 is designated the legal successor to the Bible Society incorporated in terms of the repeal Act on the date of repeal.

(2) The business of Bible Society is transferred as a going concern to the Bible Society of South Africa (Association incorporated under section 21) Registration number 2008/007505/08 upon the date of repeal notwithstanding any prohibition against the transfer of any asset or obligation.

(3) Any immovable property to be vested in the Bible Society of South Africa (Association incorporated under Section 21) Registration number 2008/007505/08 must be transferred by an endorsement on the title deed thereof or on the registered deed of lease thereof.

(4) Any bond transferred to the Bible Society of South Africa (Association incorporated under Section 21) Registration number 2008/007505/08 must be transferred by an endorsement on the bond.

(5) Any right or obligation accruing in terms of an unregistered document is transferred by operation of law without the need for a written cession or delegation.

(6) Any expectance of the receipt by the Bible Society of donations or bequests in terms of a written instrument is transferred to the Bible Society of South Africa (Association incorporated under Section 21) Registration number 2008/007505/08.

## Short title

**3.** This Act is called the Bible Society of South Africa Act Repeal Act, 2009.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 30 Maart 2009.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die herroeping van die Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1970, en die Wysigingswet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1985; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Herroeping van wette**

**1.** Die Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1970 (Wet No. 15 van 1970), en die Wysigingswet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1985 (Wet No. 97 van 1985), word hierby herroep.

**Voorbehoude**

**2.** (1) Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Vereniging geïnkorporeer kragtens artikel 21), Registrasienommer 2008/007505/08), word met ingang van die herroepingsdatum aangewys as die regsopvolger van die Bybelgenootskap geïnkorporeer ingevolge die Wet tot herroeping.

(2) Die sake van die Bybelgenootskap word met ingang van die herroeping as 'n lopende onderneming oorgedra aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Vereniging geïnkorporeer kragtens artikel 21), Registrasienommer 2008/007505/08, ongeag enige verbod op die oordrag van enige bates of verpligting.

(3) Enige onroerende eiendom wat in die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Vereniging geïnkorporeer kragtens artikel 21), Registrasienommer 2008/007505/08, gevestig staan te word, moet by wyse van 'n endossement na die titelbewyse of die geregistreerde huurkontrak daarvan oorgedra word.

(4) Enige verband wat aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Vereniging geïnkorporeer kragtens artikel 21), Registrasienommer 2008/007505/08, oorgedra word, moet by wyse van 'n endossement op die verband oorgedra word.

(5) Enige reg of verpligting wat tot stand kom ingevolge 'n ongeregistreerde dokument, word deur wetlike handeling oorgedra sonder die noodsaaklikheid van 'n skriftelike oordrag of magtiging.

(6) Enige toekomstige ontvangs van donasies of erflatings deur die Bybelgenootskap ingevolge 'n skriftelike dokument, word aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Vereniging geïnkorporeer kragtens artikel 21), Registrasienommer 2008/007505/08, oorgedra.

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Wet op die Herroeping van die Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2009.